Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Teleurstellings en die opgestane lewende Here

Die Here het opgestaan! Het jy al? Dit is ons oorhoofse tema vir die volgende paar Sondae. Die heel beste bewys dat Christus die opgestane lewende Here is, is wanneer kinders van die Here 'n opstandingslewe lewe. Ons wil graag 'n opstandingslewe, maar op daardie pad is daar soveel hindernisse. Een van die hindernisse is: Teleurstellings. Soms is dit mense, baiekeer mense wat naby aan jou is, wat jou teleurstel; soms is dit jyself wat jou diep teleurstel; soms is dit God wat jou teleurstel – jy het so hard gebid en geglo – toe gebeur dit net nie.

Jona se verhaal is 'n treffende verhaal oor teleurstellings.

Teleurstellings is nie die werklike lewe nie; dit is net 'n hindernis in die op pad met God, mekaar en die wêreld. Teleurstelling is 'n geleentheid vir koersaanpassing – 'n aanpassing wat jou weer die regte perspektief op die lewe kan gee. Dit is nie werklik die lewe wat jou teleurstel nie, maar jou voorstelling van wat die lewe behoort te wees. Dit is nie die lewe wat "verkeerd" is nie, dalk jou verwagting daarvan. Ons verwagtinge van onsself, van ander, selfs van God kan totaal verkeerd wees en lei tot voortdurende teleurstellings.

Kinders van die Here, asook die Christendom, het al dikwels gesterf en weer opgestaan. Christene glo immers in 'n God wat die pad uit die graf ken.

Sondag 28 April

Jesus het opgestaan! Het jy al!
Teleurstellings en die opgestane lewende Here
Jona

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Hannes Theron
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Dankoffers

Op Sondag 5 Mei begin ons wintereredienstye

Nuwe lidmaatbyeenkoms na die oggenddienste in die Tent, almal is welkom.

Sondag 5 Mei Wintertye

Op pad om te gaan stem
Psalm 90

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek (doop)	Paul Barnard
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel (doop)	Hannes Theron
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Paul Barnard
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Barbara Pienaar - operasie goed afgeloop
Adri de Vries - kanker
Baby Meyer - Spescare
Lizette van der Walt - kanker
Sarie Brink - dankbaar dat hartoperasie goed afgeloop het
Nancy Nel - verswak
Verkiesing op 8 Mei
Sri Lanka

Rou:
Francie de Villiers is oorlede, ons dink aan haar familie en vriende.
Ons dink ook aan Isabel Nel wat oorlede is se familie en vriende.
Fanie Schoeman is oorlede, ons dink aan sy familie en vriende.

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - a&8QS@xS

Dagboek

3 Mei - Huweliksverrykingskursus
Stuur jou kontakbesonderhede vir die kerkkantoor.

3 Mei - Kuiergroep kenmekaar
Almal is welkom om 19:00 in die Tent vir ons eerste Kuiergroepaand. Vorms is op die webblad. Laat weet asb die kerkkantoor indien jy die aand gaan bywoon, 021-851 5582.

5 Mei - Wintererdienstye begin

Die week:

Dinsdag 30 April
06:00 Kom bid saam
17:45 Kantory oefen

Woensdag 1 Mei
Werkersdag

Donderdag 2 Mei
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Bevestiging van kerkraadslede op 28 April

Loutjie Smit
Venesch Williams

Op pad met...

Ons is op pad met God, met mekaar en met die wêreld. Die kerkraad is besig met 'n proses om dit hande en voete te gee en deel van ons bedieningspraktyk te maak. Om dié rede het ons 'n paar gespreksgeleenthede gereël (Jy is welkom om te kom deelneem aan die gesprekke):
- Op pad met mekaar – Maandag, 6 Mei om 19:00 in konferensielokaal
- Op pad met die wêreld – Dinsdag, 7 Mei om 19:00 in Uitreikkantoor
- Bestuur en leierskap – Donderdag, 9 Mei om 19:00 in Kapel

Belydenis van geloof

Persone wat graag hul lewende verhouding met Jesus Christus voor God en die gemeente wil bely word uitgenooi om die belydenisvorm in te vul, die vorm is op die webblad en by die kerkkantoor beskikbaar. Die voltooide vorm kan teruggestuur word na Annette Botha,fbadmin@nghelder.co.za.

Belydenisaflegging bestaan uit twee geleenthede:
- 'n Intieme geleentheid in die Kapel waar die jongmense, hul ouers en/of familie saam nagmaal gebruik. Dié geleentheid vind plaas die Woensdag om 19:00 vòòr die Belydenissondag en
- die openbare belydenis van geloof in een van die eredienste.

Hier is die datums vir 2019:
19 Mei (gesprek op 15 Mei)
11 Augustus (gesprek op 7 Augustus)
27 Oktober (gesprek op 23 Oktober)

Navrae kan gerig word aan Annette Botha by fbadmin@nghelder.co.za of 021-580 6923

Kilometers vir kinders: "Stap" saam

Leoné Malan beplan om die Camino de Santiago pelgrimstog ten bate van die Uyavula *Lees- en Skryfprojek* te stap.

Sy beoog om tussen 160 km en 200 km te voltooi as fondsinsameling om **klas-biblioteke** vir kinders in **gemeenskapskole** in te rig. Help haar asseblief om hiervan 'n sukses te maak deur haar te borg per kilometer of deur 'n eenmalige donasie.

Die borgvorm is beskikbaar *by Ontvangs* of kontak Amanda by 072 874 0142. Dankie.

Kom bid saam met ons elke Dinsdag-oggend van 06:00 - 06:45 in die Tent. Ons bid vir die Gemeente, ons land, die verkiesing, kerkraad en ander sake. Jy is baie welkom om deel van die groep te wees en in afhanklikheid van die Here te leef.

Kuiergroep kenmekaar

Ons is regtig opgewonde oor die belangstelling in ons kuiergroepe. Op Vrydagaand 3 Mei om 19:00 beplan ons 'n afskop geleentheid in die Tent waar almal mekaar kan ontmoet en hul groepe kan organiseer.

Die doel van die kuiergroepe is om 'n veilige omgewing te skep waar gemeentelede met dieselfde belangstellings mekaar kan leer ken en verhoudinge vorm. Ons wil van helloHELDERBERG Gasvryheid se kant af die groepe inisieer en die mense by mekaar uitbring. Julle word dan aangemoedig om mekaar te ontmoet en geleenthede te reël en die groepe verder uit te brei. Indien jy nog nie jou Kuiergroep-vorm ingevul het nie, kry dit gerus op die webblad (Mediateek, Aflaaidokumente, Kantoor dokumente) of Sondag in die Tent.

Laat weet asseblief die kerkkantoor as jy die Kenmekaaraand wil bywoon of nog voorstelle het wat nie op ons lys is nie.
Jy kan ons ook kontak by hellohelderberg@gmail.com.

Die bestuur van die Pêrel Projek wil elkeen hartlik bedank wat op enige manier 'n bydrae gemaak het tot die Dans & Kuier fondsinsamelingsfunksie van 6 April 2019, vir die bou van die "Sentrum van Hoop".
Almal het die dans, kuier en spitbraai-ete baie geniet. Foto's van die funksie is te sien by www.pearlproject.co.za/dance-dine

Helderberg Gemeente is die gasheer van die musiekkonsert-reeks, Klassieke Klanke. Konserte word gratis aangebied Die grootste uitdaging is die aankoop en bak vir die verversingstafel. Hiermee dus 'n beroep op mense wat bereid sou wees om 'n bydrae te maak tot ons verversingstafel: enige gebak is welkom (selfs dié uit die rakke van Checkers en Pick'nPay) of 'n geldelike donasie. Laat weet gerus vir Yolanda Botha (082 312 6348) of Corneille Barnard (082 823 0260) wat jy wil bydra.

Terugvoering van Phuket Kortuitreik

14 Mei 2019

'n Vriendelike uitnodiging na die terugvoering van die Kortuitreik na Phuket op 14 Mei 2019 om 18:30 in die Tent.

Kom luister watter verskil 1 Suid-Afrikaner kan maak op die *slum*-kindertjies van Phuket. Hoor ook hoe Helderberg Uitreik verder by die bediening betrokke gaan wees.

Bevestig asb jou teenwoordigheid by die kerkkantoor 021-851 5582 ter wille van die voorbereiding van heerlike Thai verversings.

Navrae: Elsa Rinquest by elsa.rinquest@gmail.com

Helderberg UITREIK

Vandag se deurkollekte gaan vir dankoffers. Baie dankie vir jou dankoffers, daarmee kan ons so baie doen.

saam wees
help
behoort
liefde
leer
tuiste
almal
boodskap
familie
sing
gee
verlies
siek
omgewing
troos
skep
voorsien
gemeenskap
bring
lofprysing
versprei
deelname
op pad
omgee
bid
mense
hulp
Jesus
Vader
genees
Heilige Gees

HELDERBERG Gemeente

Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*